

Maandag

Tweede Reformasie preek: Ons vra God om vergifnis vir oortredings omdat Hy ons regverdig maak nog voor ons vra. Mat.6:8. Gelowiges bid God om vergifnis in die vaste geloof dat hulle geen skuld of geen straf by God het vir die sondes waarvoor hulle om vergifnis vra nie. Matt. 6: 12. Dit is totaal anders as om vergifnis te bid omdat jy skuldig is. Die verskil in die Bybelvertaling van 1933 en 1983 wys vir ons iets van hierdie verskil in hoe ons nou om vergifnis vra terwyl ons nie skuld vir ons sondes het nie. In die 1933 Afrikaanse Bybelvertaling staan daar in Matteus 6: 12 “en vergeef ons ons skuld soos ons ook ons skuldenaars vergewe.” In die 1983 Afrikaanse vertaling staan daar iets anders: “en vergeef ons ons oortredings soos wat ons ook die vergewe wat teen ons oortree.” Die een stel dat God ons skulde moet vergewe en die ander dat God ons oortredings moet vergewe. Wat is die verskil? Die verskil gaan oor die ontdekking wat Martin Luther in 1518 oor die Here gemaak het in Rom. 1: 16 en 17. Bid ek tot 'n God wat regverdig is omdat Hy my aankla en beskuldig omdat ek sonde gedoen het of bid ek tot 'n God wat reg en regverdig is om my nooit aan te kla of te straf vir die sondes wat ek doen nie. Omdat ons die Here vertrou dat Hy reg is om ons nooit aan te kla of te straf vir ons sondes nie, bid ons dankbaar om vergifnis van ons oortredings en pleit ons nooit by 'n Here by wie ons skuldig is nie.

Dinsdag

Martin Luther se ontdekking in Rom. 1:16,17 oor hoe God hom anders vergewe as wat hy geglo het, is soos die verskil tussen 'n skeidsregter en 'n afrigter. Of God jou skeidsregter of jou afrigter is, maak die verskil in die manier waarop jy bid. 'n Skeidsregter en 'n afrigter werk anders met dieselfde stel reëls. 'n Skeidsregter stel nie in die spelers nie, maar net in die gang van die spel belang. Hy dwing die reëls van die spel af met 'n fluitjie en kaarte. Hy blaas, kom staan voor jou, wys jou as die skuldige uit en straf jou vir jou skuld met 'n strafskop, 'n strafskrum of 'n strafdrie. Met sy geelkaart dreig hy jou en met sy rooi kaart veroordeel hy jou as 'n slegte speler wat van sy veld moet afgaan. Hy is reg om dit met jou só te doen want hy is die skeidsregter. Dit is hoe Martin Luther as Rooms Katolieke priester en professor eers geglo het hoe God se geregtigheid werk: God se geregtigheid beteken dat God reg is om ons vir ons oortredings aan te kla, te beskuldig, te veroordeel, te vervloek en te straf, want ons het sy wet oortree. Daarom het Hy geglo God se vergifnis werk so: voor hierdie Here moet jy in gebed kerm, pleit, soebat en jouself as skuldige voor God verneder, dan sal Hy jou of spaar of net liggies straf. Toe ontdek hy in Rom. 1: 16 en 17 dat God ons afrigter, nie ons skeidsregter is nie. Daarna kon hy nie meer in gebed by God kerm, pleit, soebat of homself verneder oor sondeskuld wanneer hy om vergifnis vra nie.

Woensdag

Deur die evangelie is die Here is ons afrigter nie ons skeidsregter nie. Rom.1: 16, 17. 'n Regte afrigter het sy spelers lief en oefen hulle in sy liefde. Vir hom gaan dit oor die spelers, hul talente, hul toekoms en die lewe wat die spel vir hul ontsluit, nie

die afdwing van die reëls nie. Hy laat die reëls werk as oefening in sy liefde en liefde vir die spel. Hy wys tereg sonder enige beskuldiging of bestraffing! Hy wys tereg sonder om die fluitjie teen jou te blaas. Hy wys jou op die oorsake van jou oortreding wat jy nie raaksien nie. Hy gee jou aanwysings sonder enige oordeel! Hierdie aanwysings oefening jou in die spel sonder veroordelings. Van sy oefenveld word jy nooit af gestuur nie want dit is die oefenveld waar hy jou koester om hom en die spel lief te hê. Dit verander alles! God se geregtigheid beteken dat Hy reg is om jou lief te hê, tereg te wys sonder straf en aanwysings te gee sonder veroordeling, al doen jy elke dag sonde. God se geregtigheid vir sondaars skep liefde sonder vrees. 1 Joh.4: 18. Waar liefde is, is daar geen vrees nie. Waar ons leef in die volmaakte liefde van God as Afrigter deur Christus se offer, word alle vrees uit ons hart vir God verdryf. Daarom bid ons vrymoedig “vergeef ons ons oortredings” sonder vrees vir straf of oordeel. Net soos ’n speler vir ’n afrigter sê: “Jammer meneer”. Gebed is om ons self te oefen in die liefde en verwagtings van ons Afrigter. Gebed is ’n oefening in liefde, nie skuld, oordeel en straf nie.

Donderdag

Mat. 6:7 Heidene bid met ’n stortvloed van woorde om só by hul afgode vergifnis van sondeskuld te bewerk. Dit is soos ’n sokkerspeler na ’n oortreding by die skeidsregter te kere gaan om nie gestraf te word nie. Martin Luther het as Christen en Roomse priester, voor hy die evangelie in 1518 ontdek het, ook soos ’n heiden voor God te kere gegaan wanneer hy om vergifnis gebid het. Sy lewe was eers ’n lewe van geestelike demoedigheid. Vandag sal ons dit geestelike kruiperigheid voor God noem. Geestelike kruiperigheid is die houding waarin ’n mens met baie woorde by God probeer om jou sondeskuld weg te bid. Met baie woorde probeer jy eers verduidelik, verskoon en regverdig wat jy gedoen het. Daarna kom die kruiperige demoedigheid waarmee jy jouself voor God aankla, beskuldig, veroordeel, slegmaak, bestraf en jouself verwerp en minag voor God. Heidene glo dat God met hierdie selfverneder so tevrede gestel word dat Hy jou daarom nie straf nie. Vandag leer geestelikes Christene om soos heidene te bid. Met baie woorde moet jy voor God as skeidsregter, kamstig net soos Jesus volgens hulle, jou eie-ek, jou eie-lewe en eie-beheer van jou lewe, aankla, verneder, vervloek, beskuldig en verwerp om vir God te wys hoe jammer is jy vir wie en wat jy is, en dan sal hy kamstig jou straf wegneem. Christene bid as kinders wat die Here verheerlik as sy kosbare spelers, nie verneder met kruiperigheid nie. Rom. 8: 29.

Vrydag

Mat. 6:8 Ons bid tot God die Vader wat weet én voorsien vir wat ons nodig het nog voor ons vra. God begin nie eers dink of voorsien vir ons daaglikse brood wanneer ons Hom vra nie. Hy voorsien sonlig, water, seisoene, bestuiwing, arbeid, produksie, vervoer en verspreiding van voedsel sonder dat ons Hom daarvoor vra. Ons vra nie om God aan die gang kry om kos te voorsien nie. Dit is net soos kinders wat aan ’n tafel aansit waar die kos klaar gekoop is met ouers se verdiende geld, klaar voorberei is en gereed is vir gebruik, waar kinders dan vra of hulle van die kos op die

tafel mag kry. Hulle vra vir dit wat reeds bewerk, voorberei en meegedeel is. Hulle vra om hul eerbied en dank te wys, nie om God aan die gang te kry nie. Net so het God ook deur Christus se offerdood voorsien dat ons Hom vrymoedig om vergifnis kan vra. Hy het gesorg dat deur Christus se lyding ons sonder oordeel Rom.8:31-37, deur Christus se kruisiging ons sonder vervloeking Gal.3:13, deur Christus se sterwe ons sonder straf Heb.10:12, deur sy begrafnis ons sonder vyandskap Joh. 5:15 en deur sy verlatenheid ons sonder haat van God vir ons sonde Mat.27 46, met 'n vaste vertrouwe in die Here se genade, goedheid, lankmoedigheid en liefde Hom kan nader, om Hom om vergifnis van ons oortredings te bid. Heb.19 – 22. In die geloof van die Reformasie, glo ons in die vergifnis wat Christus deur die evangelie vir ons bewerk en meedeel en vra ons God om vergifnis as deel van ons dankbaarheid.